

## HOOFSTUK 7

### SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 7.1 Oriëntering

In hierdie hoofstuk word die inhoud van die navorsingsprojek bondig saamgevat, soos dit in die voorafgaande hoofstukke aangebied is. Enkele gevolgtrekkings en aanbevelings word na aanleiding daarvan gemaak.

#### 7.2 Samevatting

##### 7.2.1 Agtergrond

Volgens TOD-sillabusse vir skoolbeginners word klasmusiek as verpligte vak ingesluit by die formele onderrig van gr. i-leerlinge. Hoewel die aanbieding van hierdie voorgestelde leerinhoud vir die leerlinge voordele mag inhou, kan 'n verrykte klasmusiekprogram veel méér geleentheid aan alle skooltoetreders bied om op 'n aangename wyse skolasties optimaal te leer en te vorder.

##### 7.2.2 Doel van die navorsing

Deur middel van deeglike literatuurstudie is aspekte rakende leergebeure, intelligensie, begaafdheid, kreatiwiteit en swakbegaafdheid nagevors. Daar is voorts kennis geneem van kindertekeninge asook kinderspel (Hoofstuk 2).

Faktore wat skoolbeginners se skooltoetrede, en die verloop van die eerste jaar beïnvloed, is aan die hand van die literatuurstudie vir hierdie navorsing geïdentifiseer. Die moontlike verband tussen die waarde van die inhoud van 'n verrykte klasmusiekprogram asook die leemtes en persoonlike probleme wat skoolbeginners tydens skooltoetrede kan ervaar, is nagegaan en in die volgende hoofstuk beskryf (Hoofstuk 3).

Daarna is 'n verrykte klasmusiekprogram saamgestel in 'n poging om aan alle leerlinge optimale leergeleentheid te bied. Hierdie program is aan 'n groep skoolbeginners gebied om die waarde daarvan in die praktyk te bepaal. Die hoofdoelstelling daarmee, was om **leer vir skoolbeginners te optimaliseer** (Hoofstuk 4 en 5).

##### 7.2.3 Verloop van die praktiese ondersoek

Volgens die volledige uiteensetting in Hoofstuk 1, is alle graad i-leerlinge in 'n primêre skool van 'n bepaalde jaar met die nodige toestemming van die onderwysowerhede op 'n ewekansige wyse

(volgens 'n alfabetiese lys van die totale groep se vanne) in 'n eksperimentele en kontrolegroep verdeel. 'n Toepaslike I.K.-toets is deur 'n gemagtigde persoon voor die aanvang van die program afgeneem, om te bepaal of die twee groepe leerlinge naastenby oor dieselfde verstandelike vermoëns beskik.

Daarná is 'n skoolgereedheidstoets (vgl. Bylae A) wat deur die navorser saamgestel is, afgeneem om vas te stel watter vereistes die spesifieke groep leerlinge aan wie die program gebied is, gestel het. Hierdie toetsing was primêr ingestel om te bepaal wat die vlak van die leerlinge se sintuiglike waarneming, taalbekwaamheid en perseptueel-motoriese vaardighede op daardie stadium was.

Die leerlinge se skoolprestasie, soos in hulle punte vir die eerste kwartaal gereflekteer, is ook van die klasonderwyseresse verkry, bestudeer en aangeteken.

Na aanleiding van hierdie gegewens asook die inligting uit die genoemde voorafgaande literatuurstudie, is 'n verrykte klasmusiekprogram deur die navorser ontwikkel (Hoofstuk 5). Dié program is vanaf die begin van die tweede skoolkwartaal, vir die duur van ses skoolmaande aan die eksperimentele groep gebied. Die kontrolegroep het gedurende die ooreenstemmende tydperk slegs gewone klasmusiekonderrig, soos in die sillabus vir gr. i voorgeskryf, ontvang.

#### 7.2.4 Aanbieding van die verrykte klasmusiekprogram (vgl. hfst. 5)

Die programaanbieding is in twee dele verdeel. Die A-afdeling, wat slegs 5 van die 25 werkeenhede in beslag geneem het, is aan beide die eksperimentele en kontrolegroep gebied. Die inhoud hiervan was toegespits op inleidende musiekkennis. Vyf kort liederes (bestaande uit toonhoogtes van die pentatoniese reeks) is aangeleer en enkele van die Orff-instrumente is bekendgestel. Elementêre musiekkennis rakende toonhoogte, ritme, dinamiek en tempo, is aan die leerlinge oorgedra.

Die B-afdeling (20 werkeenhede) is daarna net aan die eksperimentele groep gebied (vgl. 5.2.4). Hier is aan die hand van sang, gepaardgaande bewegings en aktiewe beluisteringsaktiwiteite gesentreer op die ontplooiing van die leerlinge se *musikale vermoë*, die verkryging van *emosionele sekuriteit* asook die vaslegging van aangeleenthede rakende *liggaamsbeeld*. Liggaamsbegrip, lateraliteit, dominansie, links-regsbegrip, rigtingsin en posisie in die ruimte word hierby ingesluit. Klem is op die vestiging van *identiteits-* en *geslagsrolidentifikasie* gelê.

Bewegingsaspekte wat in die lesse voorgekom het, is op die ontwikkeling van *motoriek* (groot asook fyn motoriese-koördinasie) toegespits.

*Ouditiewe* en *visuele persepsie* is sterk beklemtoon in die program. Besondere aandag is op die **auditiewe** komponente gevestig aangesien die moontlikheid om dié modaliteit ten volle te ontwikkel, een van die groot bates van die musiekprogram is. Die feit dat deurgaans met klank

geëksperimenteer is, het dit die leerlinge van klank self asook die betekenismoontlikhede daarvan bewus gemaak. Die uiteindelijke doel hiervan was om die **auditief-motoriese** vaardighede van die leerlinge geleidelik te bevorder, aangesien daar te min inoefeningsmoontlikhede daarvoor in gewone klasonderrig bestaan.

Deur die sing van telrympies en gepaardgaande aktiwiteite rakende *getalbegrip*, soos kennis van geometriese figure, tydbegrip en 'n basiese wiskundewoordeskaf, is *voorbereidende wiskunde* op 'n genotvolle wyse aangeleer.

*Taalvaardigheid* is deurgaans in die programaanbieding betrek. Die sing van liedere in die moedertaal, (asook enkele voorbeelde in die tweede taal) het beter woorduitspraak asook begrip van lettergreepverdeling bewerkstellig. Dit het in gevalle tot woordeskafuitbreiding gelei byvoorbeeld waar speletjies wat na aanleiding van die sing van sekere liedere gespeel is, die samestelling van kort sinnetjies met die spesifieke woorde tot gevolg gehad het. Die aktiwiteite is só saamgestel dat dit die geheue van die deelnemers, veral ten opsigte van klank, kon verbeter. Groepdeelname is as vereiste gestel sodat die leerlinge kon leer aanpas en inskakel by groter groepe mense.

*Kreatiwiteit* is konstant tydens instrumentespeel aangemoedig, byvoorbeeld deur die eksperimentering met klank en die skep van eie klankpatrone (melodieë).

## 7.3 Gevolgtrekkings

### 7.3.1 Inleidend

Om te bepaal of die leerlinge by die programaanbieding baat gevind het, is die skoolgereedheids-toets (soos in 7.2.3 genoem) herhaal, en is die leerlinge se skoolprestasie wat hulle op daardie stadium gelewer het, weer nagegaan. Gedrag en algemene optrede van die betrokkenes wat noodsaaklike vaardighede vir skoolvordering kon weerspieël, is deur die loop van die program fyn waargeneem en aangeteken.

### 7.3.2 Resultate (vgl. hfst. 6)

Statistiese berekenings is gedoen na aanleiding van meetbare resultate byvoorbeeld die skoolgereedheidstoets, asook skolastiese prestasie. Aangesien die populasie by die ondersoek betrokke, nog baie jonk was (gr. i-leerlinge), kon nie slegs uit hierdie gegewens alleen finale betroubare resultate verkry word nie. Daarom is daar ook aanvullend op grond van sistematiese waarneming van die leerlinge se gedrag en algemene optrede gelet, en is merkbare persoonlike bates wat só na vore gekom het, en vir suksesvolle leer vereis word, volledig volgens die *kwalitiewe navorsingsmetode* beskryf.

### 7.3.2.1 Resultate van toetsings en skolastiese prestasie (statisties meetbare vergelykings)

#### (a) Skoolgereedheidstoets

Wat dié toetsing betref het die resultate ná die programaanbieding getoon dat die eksperimentele groep ten opsigte van sintuiglike waarneming (Afd. A), statisties beduidend verbeter het met 'n P-waarde van 0,04 asook 'n d-waarde van 0,53 wat op 'n medium effek dui. Taalbekwaamheid (Afd. B) het 'n P-waarde van 0,06 met 'n d-waarde van 0,43 wat 'n klein effek aandui, opgelewer (vgl. Tabel 6.3).

#### (b) Skolastiese prestasie

Wat skolastiese prestasie betref, het AFRIKAANS : LEES die grootste verbetering na afloop van die eksperiment getoon. 'n P-waarde van 0,01 wat nie net statisties beduidend is nie, maar ook 'n d-waarde van 0,64 wat op 'n medium effek dui, was waarneembaar (vgl. Tabel 6.3).

Indien die prestasies van die twee groepe met mekaar vergelyk word, blyk dit dat die kontrolegroep veral ten opsigte van WISKUNDE 'n opsigtelike agterstand teenoor die eksperimentele groep gehandhaaf het. Die statistiese verwerking vir die kontrolegroep het nie 'n beduidende P-waarde aan die lig gebring nie. Daarteenoor het die eksperimentele groep 'n statisties beduidende P-waarde van 0,0 getoon asook 'n d-waarde van 0,75 wat op 'n groot effek dui (vgl. Tabel 6.2 (a en b) ).

Wat ENGELS betref, kon die kontrolegroep ook nie dieselfde peil as die eksperimentele groep handhaaf nie, hoewel dié verskil kleiner was as in die geval van WISKUNDE. 'n P-waarde van 0,03 met 'n d-waarde van 0,46 wat op 'n medium effek dui, is deur die kontrolegroep in ENGELS behaal, teenoor die eksperimentele groep se statisties beduidende vordering ( $P=0,00$ ) met 'n d-waarde van 0,64 wat 'n groot effekgrootte weerspieël (vgl. Tabel 6.2 (a en b) ).

Samevattend kan gemeld word dat die groep leerlinge wat die verrykte klasmusiekprogram gevolg het, beter skolastiese prestasie na afloop daarvan gelewer het en ook 'n voorsprong bo die kontrolegroep getoon het. Die prestasie van die eksperimentele groep het in alle vakke voorgekom wat daarop dui dat die programinhoud en -aanbieding in staat was om **leer vir skooltoetreders te optimaliseer** (vgl. Tabel 6.2 (a) ).

### 7.3.2.2 Persoonlik waarneembare bates (gedragsverbetering: **kwalitytiewe** navorsing) ten opsigte van die eksperimentele groep

#### (a) Werkboeke (vgl. Bylae B)

By die nagaan en evaluering van die werkboeke, is gevind dat die leerlinge moeite gedoen het om *netjies* te werk.

Opdragte is oor die algemeen korrek voltooi, met ander woorde die opdragte is korrek verstaan (begrip).

Die *kwalityt* van die werk self was hoog, wat aan 'n weerspieëling van 'n positiewe werksinstelling, motivering en deursettingsvermoë toegeskryf kan word.

*Kreatiwiteit*, wat in die programaanbieding altyd aangewakker is, is hierin baie duidelik sigbaar. Die leerlinge het werklik probeer om almal hulle eie oorspronklike idees weer te gee. Dit was 'n spontane reaksie van hulle kant wat die werk vir hulle sinvol gemaak het (vgl. voorbeelde in Bylae D).

#### (b) Musikale vermoëns en estetiese opvoeding

Musikale moontlikhede waarvoor leerlinge beskik het, is ontwikkel. Leerlinge met besondere talent is geïdentifiseer en is vir bykomende individuele onderrig in die een of ander musiekinstrument na hulle eie keuse, aanbeveel (die ouers is in kennis gestel van sulke moontlikhede en ván hierdie leerlinge is wel by bykomende privaat klavier- en fluitles betrek) (vgl. 6.5.2.1).

Die leerlinge wat in die program met kunsmusiek asook musiek op hulle eie vlak (liedere) kennis gemaak het, het die voordeel gehad om op 'n baie vroeë leeftyd met estetiese opvoeding te kon begin.

#### (c) Stadige vordering

Probleme wat op swakbegaafdheid kon dui, is opgevolg. In sekere gevalle is bevind dat van dié leerlinge slegs stadige werkers was, of met skryfwerk gesukkel het, omdat hulle linkshandig was. Daarom kon hulle byvoorbeeld nie die pas met skrifoefening volhou nie. Van die leerlinge het verskeie individuele tekorte getoon, wat geïdentifiseer is en waaraan tydens remediërende opvolglesse spesifieke aandag geskenk is. Dit het voorkom dat gevestigde leerprobleme kon ontstaan.

## (d) Skoolgereedheid

Al die leerlinge in die groep was nie ten opsigte van elke faset van formele onderwys gereed nie. Die program was deurgaans op skoolgereedmaking ingestel, en **milieugeremdes** asook kinders wat **stadiger** as van die klasmaats ontwikkel het, of **emosioneel** nog nie gereed vir formele onderrig was nie, kon die geleentheid wat daarvoor in die program geskep is, benut (vgl. 3.4).

## (e) Aanpassingsprobleme

Aanpassingsprobleme kom dikwels by skooltoetreders voor. **Opvoedingsfoute**, waar kinders byvoorbeeld tuis oorbeskerm was, het kinders in die skoolsituasie oorafhanklik van onderwysers laat reageer. Waar verwaarlosing plaasgevind het, het dit negatiewe optrede van die leerlinge teenoor maats en die onderwyser in die skool veroorsaak. Die verrykte klasmusiekprogram is saamgestel om elke individu in die betrokke groep te betrek en aan elkeen te bewys dat die groep nie doeltreffend sonder almal se deelname kan funksioneer nie. Daarom is alle musiekaktiwiteite gewoonlik in 'n kringopstelling met die leerlinge uitgevoer. Elke individuele leerling het so 'n onontbeerlike deel van die kring of groep gevorm, al was sy eie omstandighede hoe swak of ontoereikend.

## (f) Groepdeelname

Groepdeelname het leerlinge laat beseef dat aan alle maats gelyke kans gebied moet word. Dit het leerlinge ook geleer dat groot groepe slegs sinvol kan funksioneer wanneer elke lid tot opofferings bereid is (sosialisering).

Die groep leerlinge wat hulleself by die afrigters vir operettedeelname gaan aanmeld het, het bewys dat hulle reeds die vaardigheid om in 'n groep te funksioneer, bemeester het. Hulle was bereid om aan die eise wat die groep (deelname) gestel het, te voldoen en dit deur te voer.

## (g) Leeroordrag

Tydens die programaanbieding is nuwe leerstof gereeld in verband probeer bring met ander vakgebiede, en/of voorkennis ten opsigte van die betrokke vak. Die doel hiervan was om die leerlinge bewus te maak van die sinvolle eenheid van alle skoolvakke wat jaarliks aangebied word (vgl. 2.5.5).

## (h) Tekorte/probleme in die onderrigsituasie

\* **Swak liggaamsbegrip** is oorkom deur die sing oor en beleving van die onderskeie liggaamsdele, tesame met beplande bewegingsaktiwiteite wat daarop ingestel was om die liggaam te leer ken. Aan die einde van dié werkeenheid moes die leerlinge 'n prent van hulleself teken.

Hierdie tekeninge het weerspieël dat leerlinge wel oor 'n aanvaarbare liggaamsbeeld na afloop van dié oefening beskik het (vgl. Bylae Di). Links-regsoriëntasie en posisie in die ruimte is op dieselfde wyse oor 'n reeks lesaanbiedings inge oefen.

\* Besondere klem is gelê op **auditiewe persepsie** en later **auditief-motoriese** vaardighede met die oog op optimalisering van leer. Leerlinge ontvang dikwels geen of weinig oefening in hierdie vaardigheid, omdat daar 'n gebrek aan oefeningsmoontlikhede bestaan. Musiekaktiwiteite bied gulde geleentheid vir die waarneming, gebruik en eksperimentering met klank. Dit sluit in die leerlinge se eie stemgebruik, bewuswording van omgewingsklank oor die algemeen asook spesifieke klanke waarop gekonsentreer word. Hierdeur het die leerlinge een van die belangrikste gebruike van klank in die klassituasie aangeleer. Hulle het geleer om aan toepaslike klank aandag te gee, terwyl alle ander ontoepaslike klanke op die spesifieke tydstip geïgnoreer is (voor- en agtergrondonderskeiding ten opsigte van klank).

\* Van die leerlinge het as gevolg van gesinsonvolledigheid of swak huislike omstandighede geen toepaslike **identifikasiefigure** gehad nie. Hulle het boonop persoonlike verwardheid ervaar omdat hulle met popsangers en ander openbare heldefigure van die eietydse jeug probeer identifiseer het. Vanweë die botsende opvattinge wat hierdie mense huldig, teenoor dit wat in die skool geleer word, bly dié kind op soek na 'n eie identiteit asook kennis van geslagsrolidentifikasie. In die verrykte klasmusiekprogram is ruim aandag hieraan geskenk, deur die verskaffing van doelgerigte en toepaslike inligting, asook die daarstelling van aanvaarbare identifikasiefigure (vgl. 3.6).

\* Die moontlikheid om **sukses** in die skoolwerk te kan ervaar, is nie vir alle skooltoetreders beskore nie. Indien die leerlinge herhaaldelik nie die mas opkom nie, dra dit by tot die vorming van 'n negatiewe selfbeeld. Daarom is in elke werkeenheid van die verrykte klasmusiekprogram die moontlikheid vir sukseservaring deur elke leerling in die groep op verskeie vlakke ingebou. Indien hulle dus wel sukses kon beleef, het dit hulle werksmotivering verhoog. Aanvanklik kon hierdie verbeterde werksinstelling slegs ten opsigte van musiekaktiwiteite waargeneem word, maar mettertyd het dit geblyk dat die leerlinge bereid was om meer te waag ten opsigte van alle ander daaglikse skoolwerk.

### 7.3.3 Samevattende gevolgtrekking

Positiewe resultate is by skoolbeginners waargeneem na afloop van die aanbieding van die verrykte klasmusiekprogram. Dit het geblyk dat **optimalisering van leer** asook algemene vordering van leervaardighede by dié skoolbeginners voorgekom het.

## 7.4 Aanbevelings

### 7.4.1 Oriëntering

Klasmusiekonderrig word tans as vak in die junior primêre skoolfase aan alle leerlinge vanaf skooltoetrede gebied. Dit sou dié leerlinge tot voordeel strek indien 'n *verrykte klasmusiekprogram* in die plek van die huidige skoolmusiekkurrikulum gebied kon word.

### 7.4.2 Aanbevelings

(a) Die moontlike voordele van 'n verrykte klasmusiekaanbieding, soos uit die voorafgaande ondersoek geblyk het, moet **onder die aandag van onderwysowerhede gebring word**. Dit word sterk aanbeveel dat die aanbieding van 'n program **verplichtend** vir alle toekomstige skooltoetreders, met die oog op optimalisering van leer, behoort te wees.

(b) **Onderwysopleiding** in die junior primêre fase (veral vir skoolbeginners) behoort aangepas te word sodat hierdie program sinvol en met insig aan die leerlinge gebied kan word.

(c) **Kursusse**, om onderwysers hiervoor toe te rus, kan in die vorm van verdere opleiding aan instansies soos OKSA en/of universiteite aangebied word.

(d) **Voortgesette, aanvullende, navorsing** behoort onderneem te word om 'n eenvormige verrykte musiekprogram, as voorbeeld vir die aanbieding aan skooltoetreders in hulle moedertaal daar te stel.

## 7.5 Slotopmerking

Die Christenopvoeder wat musiek as gawe van God beskou, behoort die gebruiksmoontlikheid daarvan in die opvoeding van alle jong kinders te erken, en behoort dit met verantwoordelikheid toe te pas.

Die besondere gebruik van musiek in die onderhawige studie het bewys dat dit **leer by skoolbeginners kan optimaliseer**. Musiekonderrig behoort daarom tot voordeel van skooltoetreders geïmplementeer te word.

## **ABSTRACT**

### **OPTIMISATION OF THE LEARNING OF SCHOOL ENTRANTS BY MEANS OF AN ENRICHED CLASSROOM MUSIC PROGRAMME**

The TED syllabus prescribes classroom music as a compulsory subject for Grade I. This study wished to determine whether an enriched class music programme can afford more opportunities for optimisation of learning to beginners and enable them to integrate more easily into the formal teaching situation.

By means of initial reading, information was gained on learning ability, intelligence, giftedness, creativity and lower giftedness. The use of information of child play and drawing applicable in the education of the young child was also examined.

Then problems which beginners may experience when beginning with formal education, were identified. This includes factors which pupils personally experience, like pre-school environmental influences, individual giftedness, as well as the demands set down by schools at the beginning of formal education.

Furthermore a comparable study was made of the following educators: Gagné, Piaget, Bruner, Bloom and Gesell. The musical education methods of three most influential music educators namely Dalcroze, Kodály and Orff were also investigated. Many tangencies between the two groups were determined, especially the similarities in the planning and presentation of an enriched class music programme.

With this as background, an enriched programme was developed which should afford all pupils the opportunity during the first year to learn successfully despite individual shortcomings which may occur.

The enriched programme was offered to all Grade I pupils of a primary school for six school months. The pupils were beforehand divided randomly into an experimental and control group. The enriched programme was offered to the experimental group only, while the control group followed the ordinary syllabus.

The contents of the enriched programme was, beside musical education, aimed at the refinement of the pupils' sense of perception, with special stress on auditory aspects. Throughout, stress was laid on the development of command of the mother tongue. Finally perceptual-motor skills, with stress on auditory-motor skills, were noted.

Before the programme was begun, an IQ test confirmed that both groups had more or less the same intelligence to show progress at school. A school readiness test was devised which the pupils took before and after the programme. The pupils' general school achievement was also examined before and after.

The results of the school readiness test showed that **sensory perception** and **language ability** visibly improved. Results of school achievement indicated that **Afrikaans reading** showed a statistically marked improvement (with a P-value of 0,01). All other subjects showed significant improvement. In Mathematics the control group maintained a notable backlog in comparison with the experimental group. The same in English but to a lesser degree than in Maths.

Personal assets which among others could be noted after offering the programme, were that their knowledge of music as well as awareness of sound and knowledge of it were extended. It sharpened their listening aptitude which enabled them to react with more attention in the classroom situation. Their general workattitude was markedly positive. All in the group were prepared to take part in group activities. Their adaptability was thus improved.

In conclusion: a Christian educator who considers music as a gift of God, should use the practical possibilities in the education of young children. The value of such implementation was proved in this scientific project. This approach can **optimise learning in school entrants**.

## OPSOMMING

### DIE OPTIMALISERING VAN LEER BY SKOOLBEGINNERS DEUR MIDDEL VAN 'N VERRYKTE KLASMUSIEKPROGRAM

Klasmusiek word volgens die TOD-sillabus as verpligte vak aan skoolbeginners in gr. i gebied. Ten einde optimaal te kan leer en suksesvol by die formele onderrigssituasie te kan inskakel, wou hierdie studie vasstel of 'n verrykte klasmusiekprogram in die eerste skooljaar méér geleenthede vir optimalisering van leer aan skooltoetreders kan bied.

Deur middel van aanvanklike literatuurstudie is inligting oor leergebeure, intelligensie, begaafdheid, kreatiwiteit en swakbegaafdheid ingewin. Die gebruik van inligting wat deur kinderspel en kindertekeninge verkry kan word en in opvoeding en onderwys van die jong kind aangewend kan word, het ook onder die soeklig gekom.

Daarná is probleme geïdentifiseer wat skooltoetreders moontlik met die aanvang van formele onderwys kan ervaar. Dit sluit faktore in wat die leerlinge persoonlik raak, soos voorskoolse omgewingsinvloede, individuele vermoëns, asook eise wat die skool tydens die aanvang van formele skoolonderrig stel.

Voorts is daar 'n vergelykende studie van die volgende opvoeders se leerteorieë gemaak: Gagné, Piaget, Bruner, Bloom en Gesell. Daarnaas is ook drie van die invloedrykste musiekopvoeders naamlik Orff, Kodály en Dalcroze se musiekopvoedingsmetodes nagevors. Talle raakpunte tussen die opvattinge van eersgenoemde kundiges en dié van die tweede groep, is bepaal. Dit is veral die **ooreenkomste** wat rigtinggewend was ten opsigte van die beplanning en aanbieding van die verrykte klasmusiekprogram.

Met bogenoemde as agtergrond, is 'n verrykte klasmusiekprogram ontwikkel wat aan alle leerlinge die geleentheid behoort te bied om tydens die eerste skooljaar reeds suksesvol, ongeag individuele tekorte wat mag voorkom, te kan leer.

Die verrykte program is oor 'n tydperk van ses skoolmaande aan alle gr. i-leerlinge van 'n primêre skool gebied. Die leerlinge is vooraf op 'n ewekansige wyse in 'n eksperimentele en kontrolegroep verdeel. Die verrykte program is slegs aan die eksperimentele groep gebied, terwyl die kontrolegroep gedurende die ooreenstemmende tydperk, die gewone klasmusieksillabus vir gr.i, gevolg het.

Die inhoud van die verrykte program is, naas musiekopleiding, aanvanklik op die verfyning van die leerlinge se **sintuiglike waarneming**, met spesiale klem op ouditiewe aspekte toegespits. Daar is ook deurgaans op die ontginning van die leerlinge se **taalvermoëns** (moedertaal) gekonsentreer.

Laastens is op **perseptueel-motoriese** vaardighede, met spesifieke beklemtoning van ouditief-motoriese vaardighede, gelet.

Voor die aanvang van die programaanbieding is deur die aflegging van 'n geldige *IK-toets* bevestig dat die betrokke leerlinge (in albei groepe) oor naastenby dieselfde en genoegsame intelligensie beskik het om in die skool te kan vorder. Die navorser het 'n *skoolgereedheidstoets* saamgestel wat vóór en ná die programaanbieding deur al die leerlinge afgelê is. Die leerlinge se algemene skoolprestasië is ook vóór en ná die aanbieding nagegaan.

Die resultate wat die skoolgereedheidstoets betref, het aan die lig gebring dat sintuiglike waarneming en taalbekwaamheid waarneembaar verbeter het. Ten opsigte van skoolprestasië het Afrikaans : lees 'n statisties beduidende verbetering getoon (met 'n P-waarde van 0,01). Alle ander afdelings het ook betekenisvolle vordering getoon. Die kontrolegroep het in Wiskunde 'n opsigtelike agterstand in vergelyking met die eksperimentele groep gehandhaaf. In Engels was daar ook 'n agterstand te bespeur, maar in 'n mindere mate as in die geval van Wiskunde.

Persoonlike bates wat onder andere na die programaanbieding by leerlinge waargeneem kon word, was dat hulle musiekkennis asook klankbewustheid en begrip uitgebrei het. Dit het hulle algemene luisteringesteldheid verskerp, wat hulle daartoe in staat gestel het om met meer aandag in die klassituasie te kon reageer. Hierdie leerlinge se algemene werksinstelling was opsigtelik positief. Almal in die groep was bereid om ook aan groepaktiwiteite deel te neem. Hulle aanpassingsvermoë is dus bevorder.

Ten slotte kan gemeld word dat 'n Christenopvoeder wat musiek as 'n gawe van God beskou, die gebruiksmoontlikheid daarvan in die opvoeding van jong kinders behoort te benut. Die waarde van sodanige toepassing is in dié navorsingsprojek bevestig. Hierdie benadering is in staat daartoe om **leer by skoolbeginners te optimaliseer**.